

PROKUREURSEKSAMEN

DEEL 3 PROKUREURSPRAKTYK

20 OKTOBER 2021

09:00-11:15

Totaal: [100]

Kandidate word 15 minute gegun om die vraestel deur te lees voordat hulle die vrae beantwoord. Geen kandidaat mag tydens hierdie tyd in die antwoordboek begin skryf nie. Die eksamen van 2 uur volg dan.

1. Kandidate moet al die vrae beantwoord.
2. Kandidate moet daarop let dat punte vir goeie opstelwerk toegeken word.
3. Kandidate moet, soos nodig, hulle eie feite versin.
4. Skryf asseblief slegs in pen op die regterkantse bladsye.
5. Tensy daar 'n spesiale rede bestaan, word 'n kandidaat nie vir 'n mondeling ingeroep as 50% en meer behaal is nie. Indien 'n kandidaat 'n totaal van 40% en minder as 50% behaal sal hy/sy 'n mondeling moet aflê. Indien 'n kandidaat minder as 40% behaal sal hy/sy nie kwalifiseer vir 'n mondeling nie en drui dus hierdie eksamen.

AFDELING A

U is die voorsitter van die plaaslike prokureursvereniging in 'n groot dorp. Kollegas en kandidate raadpleeg u gereeld oor professionele en praktiese kwessies. Welke advies sal u gee vir die volgende situasies?

VRAAG 1 **[9]**

'n Kandidaat wat voorberei vir toelating vra u vir kernagtige beskrywings van:

- 1.1 Geskik en gepas om 'n prokureur te wees; (2)
- 1.2 'n Botsing van belange; (2)
- 1.3 Professionele privilegie; (2)
- 1.4 Die omstandighede wat van 'n prokureur vereis word om 'n mandaat te weier. (3)

VRAAG 2 **[6]**

Kollega A het 'n kliënt wat 'n groot en goeie eis vir skadevergoeding het, wat ontstaan het uit 'n motorbotsing, maar die kliënt kan nie litigasie bekostig nie. Watter reëling sal u aanbeveel, wat is die vereistes, en wat is die maksimum fooi wat A kan hef?

VRAAG 3 **[6]**

A volg u raad en onderhandel die maksimum fooi. Sy kliënt se skade word deur die hof vasgestel op R500 000 maar die verweerder se skade is R600 000. Sy kliënt se nalatigheid word vasgestel op 20%. Wat is die maksimum fooi wat A kan hef? Wys u berekeninge inaggenome verdeling van skadevergoeding.

VRAAG 4 **[11]**

Kollega B se kliënt deel hom mee dat sy werknemer mnr. Pick Pocket aangekla word van winkeldiefstal. Hy weet dat B se firma nie gewoonlik strafwerk doen nie, maar skenk oorweging daaraan of B bereid sou wees om as 'n spesiale guns te help.

- 4.1 Kan B die mandaat as 'n guns aanvaar teenoor hom? (4)
- 4.2 Mnr. Pick Pocket erken ruitelik tydens konsultasie met B sy skuld, maar weier om skuldig te pleit. Hy staan daarop om in die hof onskuldig te pleit.

Kan B hom nogsteeds op verhoor verteenwoordig as hy onskuldig pleit en indien wel, hoe moet B elke stadium van die verhoor tot uitspraak hanteer? (7)

VRAAG 5 **[9]**

- 5.1 Kollega C wil weet vir welke doel die Getrouheidsfonds vir Regspraktisyns gestig is. (2)

- 5.2 Dit blyk dat die bank waar Prokureur C sy trustgelde verskuldig aan trustkrediteure hou kragtens Artikel 86(2) gelikwieder is. Wat is die kliënt se remedie teen:
- 5.2.1 Die bank; (2)
 - 5.2.2 LPFF (Getrouheidsfonds vir Regspraktisyne); (2)
 - 5.2.3 Prokureur C; (2)
- 5.3 Het Prokureur C enige regte teen die LPFF? (1)

VRAAG 6 **[6]**

Kollega D vra hoe hy moet optree na hy pas ontdek het dat hy nalatig was en 'n kliënt se eis vir skadevergoeding laat verjaar het. Adviseer hom ten volle.

AFDELING B

U word geraadpleeg deur sakeman mnr. X oor verskeie kwessies en in die besonder die verkoop van 'n woonhuis aan mnr. Y wat 'n verbandlening van 'n bank nodig sal hê. Die volgende situasies ontstaan:

VRAAG 1 **[25]**

- 1.1 Die verkoping is onderhewig aan die verkryging deur koper van 'n verband vir 80% van die koopprys. Versin enige verdere feite wat u nodig ag en stel dan klousules in die koopakte op namens die verkoper, mnr. X, wat:
- 1.1.1 In een geval die inwerkingtrekking van die kontrak wat onderworpe is van die verkryging van die verband (gebruik 'n opskrif); (5)
 - 1.1.2 In die ander geval waar die ooreenkoms verval, as die verband nie toegestaan word nie (gebruik 'n opskrif); (5)
- 1.2 U word meegedeel dat die koper die verkoper regstreeks genader het toe hy sien die huis staan leeg. Die koper waarborg dat hy die verkoper regstreeks genader het en nie bewus was van enige eiendomsagente nie.
- 1.2.1 Stel 'n klousule op wat die agentekommisjie aanspreek. (5)
- 1.3 Die partye kom verder ooreen dat die koper die opsie het om die verkoopsooreenkoms binne vyf (5) dae na hy dit onderteken het te kanselleer.
- 1.3.1 Kan 'n koper in so 'n geval van die gemelde opsie die ooreenkoms kanselleer? Verduidelik. (2)
 - 1.3.2 Stel die klousule met opskrif op wat die Koper toelaat om aldus te kanselleer in terme van so opsie. (8)

VRAAG 2 **[14]**

Mnr. X het ook aan mnr. Grantee 'n mondelinge voorkeepsreg verleen ten aansien van Erf 786, Blessed Dorpsgebied ('n ander eiendom).

Stel die gepaste klousule op wat die voorkeepsreg sal vestig. Moet nie standaard klousules wat nie met die spesifieke transaksie te doen het opstel nie.

VRAAG 3**[6]**

Tydens besprekings vra mnr. X of hy sou kon teken namens 'n trust of maatskappy wat nog nie bestaan nie.

- 3.1 Verduidelik op watter stadium 'n (sogenaamde) trustee namens 'n trust mag optree. (2)
- 3.2 Stel 'n klousule op om die verkoper te beskerm as hy sou toestem dat die koper mag optree namens 'n maatskappy, wat nog nie bestaan nie en nog nie opgerig is nie. (4)

VRAAG 4**[8]**

Terwyl u wag op aktesoeke en met mnr. X en mnr. Y gesels opper hulle soortgelyke kwessies.

- 4.1 'n Man is buite gemeenskap van goedere getroud. Sy vrou wat in besit is van meeste van sy bates word gesekwestreer. Lig hulle in oor die gevolge onder die Insolvensiewet en moontlike remedies. (5)
- 4.2 Bly gades, getroud binne gemeenskap van goedere na egskeiding, aanspreeklik vir mekaar se skulde wat tydens die huwelik aangegaan is. Bespreek kortliks. (3)

- DIE EINDE -

LAW SOCIETY
OF SOUTH AFRICA